

Inleiding

1

VANAF die kruin van een van die sag-golwende heuwels op die plaas was dit moontlik om te sien hoe die seisoene op mekaar volg met die meedoënlose felheid wat die Suid-Afrikaanse klimaat kenmerk. Die lente bring kleur—skrille, primitiewe kleur wat mildelik oor die velde stort totdat dit deur die sereniteit van die somer vervang word. Dan kom die winter wat die heuwels vlek met kapok, en die lug is gelaai met die onmeetlike, koue stilte van myl op myl verlate veld. Die somer bring ook storms wat oorverdowende donderklappe deur die vallei laat knal, met verblindende weerlig wat die wilgerbome by die dam tref en 'n skrikwekkende, blou vlam uit die rots slaan. Maar altyd was daar kleur.

Kleur ook in die klompie strooise op die rand van die koppie met sy Bantoe-arbeiders wat, ten spyte van hul aanraking met die blanke, hul tradisies behou het en inkennig-trots hul werk verrig het deur slegs hul donker bronskleurige liggame, en hul getrouheid tot die diens van hul werkgewers te stel.

Die stam se feeste het uiting gevind in danse wat eentonig-aandringend deur die nag gepols het totdat die vure in wit as gesak het en die vlamme nie meer lang oranje skaduwees op die grond, trillend met besete voetgestamp, gegooi het nie. Krete, al te duidelik in die opstal, het vir 'n angstige en tog betowerde seuntjie wat slaaploos in sy bed gehurk het, vertel dat tande wat in die vuurlik flits, 'n vinger afgebyt het in 'n rituele seremonie of dat 'n onwillige meisie, vir beste verruil, weggesleep word na 'n vreemde, skrikwekkende huweliksbed.

Dit was die agtergrond van die eerste vyf jaar van Johannes Meintjes se lewe. Die kind met sy donker oë, tot sy derde jaar die jongste van twee kinders, het bewonderend toegekyk hoe sy vader die boerdery op die erfplaas, Grootzeekoegat, behartig. Hier tem by 'n opstandige hings, daar skeer hy 'n skaap met 'n behendigheid asof die skêr een met sy hand geword het. Hy is skielik op die ouderdom van 35 oorlede, en dis begryplik dat dit vir die seun die verlies was van 'n vader wat in hoofsaak die held was, en as sodanig was dit 'n groot slag. Hierdie gewaarwording van verlies is in Meintjes se werk klaarblyklik, veral in *Die Verlate Plaas* (Afb. 32), wat agtien jaar later in Londen geskilder is, na herhaalde pogings misluk het, omdat die nodige atmosfeer van heimweesieke hunkering die kunstenaar steeds ontwyk het. *Die Verlate Plaas* is die klaarblyklike gedenkteken aan die vaderheld, 'n huldeblyk aan die krag waarsonder die plaas betekenis verloor het. Die seun moes ontdek dat sy voetstuk beroof is van die enigste beeld wat dit op daardie stadium kon dra.

Die moeder was nou die voorwerp van al die byna grenslose liefde van haar kinders. Saam met haar seun en drie dogters het sy na Riversdal, in die Kaap-provinsie, verhuis. Skoolgaan was buitengewoon onaangenaam vir die Jong Meintjes, want dit het inbreuk gemaak op sy tekenwerk waarin hy merkwaardig bedrewe geword het. Die skool het ook inbreuk gemaak op 'n suiwer verbeeldingswêreld wat sy geloof en vertrouwe geword het -'n eensame, private wêreld, maar slegs een-

saam weens sy groot skugterheid, as gevolg waarvan hy nie maklik vriende gemaak het nie. Dit was 'n private wêreld, omdat sy buitengewone gevoeligheid dit vir hom onuitstaanbaar gemaak het om sy drome met ander te deel ander wat nie sy geesdrif vir die onbeskryflike skoonheid van iets so alledaags soos 'n aronskelk sou verstaan nie, of die onuitspreeklike weemoed van die afgetrekte mondhoek, die wyse waarop maanlig skuinsweg oor 'n klip kon val en dit verhef tot die kern van hunkering, tot die volslae verlange. Alhoewel dit in later jare uit die aard van die saak 'n minder belangrike plek sou inneem, het die private wêreld van sy drome nog die oorheersende invloed op sy werk gebly totdat hy horn as een van SuidAfrika se belangrikste jong kunstenaars onderskei het. Dit ly geen twyfel nie dat dit altyd die grondslag van sy werk sal vorm.

As jong seun het Meintjes hoofsaaklik met waterverf en potlood gewerk totdat hy op vyftienjarige leeftyd met olieverf begin het. Die verf is gekoop met die geldpryse wat hy op die plaaslike landbouskoue verower het. Die bietjie kennis wat hy miskien gehad het, is geput uit die ensiklopedieë wat hy met groot gretigheid gelees het—hoofsaaklik vir die sprokies en volkslegendes wat onder sy geliefkoosde leesstof geval het. Daar was niemand om hom te leer hoe om die nuwe medium te hanteer nie en niks om die weg aan te wys nie. Die jong kunstenaar moes leer deur sorgvuldig met die kosbare verf te eksperimenteer.

Na tien jaar op Riversdal, het die familie na Kaapstad verhuis, hoofsaaklik in voorbereiding vir Meintjes se verdere studie aan die Universiteit van Kaapstad. 'n Groter skool (gemeng, in teenstelling met die seunskool wat hy vroeër bygewoon het), sy eerste akademiese kunsonderrig op sestienjarige leeftyd en die daaropvolgende universitêre studies, het hom die geleentheid gegee vir die gedagtewisseling wat steeds belangriker vir sy ontwikkeling geword het. Dit het horn ook 'n groter selfvertroue gegee in sy toenadering tot die skilderkuns wat nou die enigste vorm van uitdrukking vir horn geword het en waaraan hy nou beslis besluit het om sy lewe te wy. Altyd vuriglik in die letterkunde geïnteresseerd is hy nou by sy gode van daardie tydperk voorgestel Joyce, D. H. Lawrence, Katherine Mansfield, Rimbaud, Slauerhoff, A. Roland Hoist en N. P. van Wyk Louw. Hierdie belangstelling, alhoewel met koorsige skilder-bedrywighede saamgesnoer, het onder andere sy uiting gevind in 'n roman van 700 bladsye, trekke waarvan in sy later geskifte gevind word - die roman het hy gou minderwaardig gevind en vernietig. Tot dusver het hy twee boeke uitgegee: *Kamerade*, 'n versameling verhale deur himself geïllustreer, en 'n vroeër werk, 'n opstel oor sy luisterryke Suid-Afrikaanse tydgenoot, Maggie Laubser, wie se invloed op sy heel vroeë werk van groot waarde was. Hierdie opstel word nou, egter, deur Meintjes as 'n „jeugdige onbesonnendheid" beskou.

Einde 1943, net na hy sy graad behaal het, is sy werk gekenmerk deur 'n dik impasto in fel primêre kleure en onderwerpe wat uit die nie-blanke lewe van Kaapstad geput is. Maar reeds was daar tekens van die verskerping van die liriese eienskap wat sy werk later sou oorheers. Hoewel die eerste sewe afbeeldings in hierdie boek uit daardie periode geneem is, is *Die Somber Drinklied* (Afb. 1) en *Maleise Karnaval Huiswaarts* (Afb. 2) die meer verteenwoordigende van die groep. In hulle is as nog net 'n aanduiding van die neiging wat hy kort daarna sou

volg—'n preokkupasie met die gebaar, die onvoorwaardelike oorgawe tot die taal van drome, soos deur ander afbeeldings bewys word.

Die eerste openbare tentoonstelling van sy werk het in die Gainsborough-galery, Johannesburg, in Augustus 1944 plaasgevind en dit het die kritici laat uitwei oor sy kleurgebruik en die atmosfeer waarvan sy doeke beslis vol was. Maar as die kritici belanggestel het, was die publiek se geesdrif grenseloos.

Teen 1945, toe hy na Londen vertrek het, het hy nog twee uitstallings gereël en is in die algemeen as een van die land se belowendste jong kunstenaars beskou.

Een van sy doelwitte met sy besoek aan Londen, was om regstreeks kennis te maak met die werk wat hy vroeër slegs in reproduksies kon ken. Op sy soektog deur die galerye het hy Rembrandt, El Greco en die Vlaamse Primitiewe sowel as Henry Moore, Picasso en Graham Sutherland van die grootste betekenis vir hom gevind. In 1947 het hy na Suid-Afrika teruggekeer, en sy werk, alhoewel nooit klaarblyklik beïnvloed nie, het onmiddellik die heilsame uitwerking van 'n ruimer siening getoon.



Dit is moeilik om die rede vir die unieke aantrekkingskrag van Meintjes se werk te bepaal, maar slegs moeilik totdat 'n mens begryp dat hy met rype siening, die drome, die onbekende roeringe en ondefinieerbare hunkering van die adolessensie uitbeeld. Sy skilderye herskep die hewige, eensame lyding waarvoor daar voorheen geen uitdrukking was nie ; en omdat hy die klein Gehenna deurkruis het, 'n stem aan die onsekere pyn verleen het, skep hy 'n verwantskap wat hoofsaaklik emosioneel is en wat byna altyd algehele oorgawe tot die gemoedstoestand van sy werk eis. Sy voorstelling van die adolessensie is op herinnerde ondervinding gebaseer; sy simbole is persoonlik, dikwels privaat. Maar of daar 'n onmiddellike begrip is van die belang wat hy aan temas wat voortdurend in sy werk voorkom, heg of nie, kan die graad waartoe 'n mens deur hulle beweeg word, geensins ontken word nie, en in hierdie krag om emosioneel aan te doen, lê sy grootste sterkte.

Die temas in Meintjes se werk—terugkerend, maar geensins beperk nie—kan maklik onderskei word as deel van 'n kenmerkende patroon. 'n Vroeë verdieping in blom-temas, vanaf *Voici des Fleurs* (Afb. 7) en *Lente* (Afb. 9) tot die byblywende skoonheid van *Flora* (Afb. 31) is nooit heeltemal vir latere simbole prysgegee nie, hoewel daar natuurlik, sons hy gevorder het, die noodsaaklike vermindering van die preokkupasie was. Alhoewel daar reeds in vroeër werke 'n aanduiding daarvan was, byvoorbeeld *Drown en Werklikheid* (Afb. 21) en *'n Man Sing vir Swane* (Afb. 22) toon *Sappho* (Afb. 33) 'n nuwe element in voëls van verskeie kleure wat byna bewegingloos oor die toneel sweef. Dit bring 'n atmosfeer van groter sereniteit en bied 'n ontsnapping van die teneerdrukkende temas waarin die kunstenaar horn voorheen verdiep het. Dit is interessant om daarop te let dat hy in 'n meer onlangse werk : *Selfportret met Blomme en Voëls* (Afb. 41) albei hierdie temas gebruik het om sy gemoedstoestand te verskerp, terselfdertyd met die algehele gebruikmaking van die dekoratiewe kwaliteite van die simbole.

Meintjes het betreklik min direkte selfportrette geskilder, maar deur net te kyk na die portret wat as voorblad in hierdie boek verskyn, sal die ooreenkoms tussen die kunstenaar en die figure in die skilderye verraai word, Hierdie gebruik van homself is duidelik selfs in sulke uiteenlopende onderwerpe soos *Piëta* (Afb. 4), *Vleiwesens* (Afb. 15) en *Ecce Homo* (Afb. 42) ; en dit het al heelwat kritiek, sowel as gissing, uitgelok. Maar dit is raadsaam om die intens-persoonlike aard van sy werk in ag te neem en om te dink aan die woorde van Carl Zigrosser waar by oor Kaethe Kollwitz skryf :

„Volgens haar talryke selfportrette kry 'n mens 'n begrip van hoe sy gelyk het. Sy het feitlik geen ander portrette gemaak nie, en dit is natuurlik by iemand wie se uitdrukking so sterk deur die eie innerlike ondervinding gekleur is. In 'n opsig mag 'n mens sê dat haar ganse werk 'n selfportret was. In werke wat as sodanig beskryf is, kan 'n mens die tekens van die tyd en ondervinding deur die jare volg Hierdie stukke spruit nie uit 'n oppervlakkige narsissisme nie, maar uit 'n eerlike selfwaardasie ; hulle is sielkundige mylpale.”

In hierdie opsig is dit interessant om daarop te let dat Meintjes slegs 'n direkte portret van 'n model skilder. In die geval van die meeste skilderye wat in hierdie

boek verteenwoordig is, het hy eers aantekeninge van die model gemaak, maar die skilderye self is suiwer geheue-werk omdat hy vind dat dit hom 'n groter vryheid van uitdrukking gee om weg van die model te werk. Hy glo daarin om meester van sy onderwerp te wees en nie sy onderwerp horn te laat oor meester nie. Terselfdertyd, omdat hy geheue-werk doen, is die onnodige uitgeskakel, word die onderwerp deel van hom en gevolglik het dit meer regstreekse aantrekkingskrag vir hom.

In hierdie boek kon slegs 'n heel beperkte aantal van Meintjes se spesifiek liriese werk opgeneem word. Ongelukkig is daar heelwat belangrike werke waarvan geen foto's kon verkry word nie, en dit is betreurbaar, want dit bemoeilik die begrip en waardering van hierdie kunstenaar wat bestem is om een van die sterkste kragte in die Suid-Afrikaanse skilderkuns te word.

Ten slotte, dit : Meintjes het nog nooit 'n onderwerp geskilder wat nie sy innigste meegevoel uitlok nie. In die afkyk van weemoedige oë, in die woordelose welsprekendheid van die oop hand van die glimlaggende waansin van sy *Lear* tot die wrede vertwyfling van die *Ecce Homo*—is daar die deernis en erbarming wat spruit uit die begrip van die kunstenaar wat ook die eensame man is. Meintjes is die vertrengelde figuur in die laaste afbeelding in hierdie boek : hy is vasgestrik in die onverbiddelike eensaamheid waaraan daar geen ontkoming is nie en wat die wese van die menslike tragiek is.

PIETER MARINCOWITZ

